

neem ; dan moet nagegaan word wat die vereiste organiese stand is. Wie nie so te werk gaan nie en bv. die akoestiese kant verwaarloos, die loop gevaar om allerlei minder belangrike of onbelangrike punte na vore te bring, ten koste van essensiële punte. Aan die ander kant gebeur dit dikwels dat die akoestiese karakter van 'n klank eers dan goed gevat word wanneer bekend is wat die vereiste stand van die spraakorgane is. Die persoon met kennis van sake ontmoet genoeg voorbeelde sowel van die een as van die ander.

91. In hierdie werk word die organiese kant as basis aangeneem by die indeling en beskrywing van die klanke. Hier moet egter aan toegevoeg word dat die akoestiese kant baie swaarder weë by die klinkers as by die medeklinkers, soos ter plaatse nader sal blyk.

Literatuur.—'N breedvoerige en diepgaande bespreking, met uitgebreide literatuur, oor die twee kante van die vak is te vind by Jespersen, *Phon. Grundfragen*, bl. 65-104.

HOOFSTUK V.

INDELING EN BESKRYWING VAN VOKALE.

DIE STUDIE VAN VOKALE.

92. By die studie van vokale speel die akoestiese eienskappe van die betrokke klanke 'n baie belangrike rol, veel belangriker as by die van medeklinkers. Wie fonetiek ken, kan uit 'n goeie, volledige beskrywing van 'n konsonant 'n taamlike voorstelling kry van die uitspraak daarvan. By 'n klinker staan die saak heeltemal anders (vgl. § 91).

93. Die leek sal hom natuurlik daarop toelê om deur nabootsing van die klinker in kwessie die uitspraak te kry. Onderwysers wat met fonetiese metodes nie vertrou is nie, vind dit soms 'n hopelose taak om Engelse, en uitlanders in die algemeen, met die Afrikaanse klanke volkome vertrou te maak, want gewoonlik gaan die uitlander of analogies te werk en stel die vokale van die moedertaal in die plek van die Afrikaanse, of die nabootsing deur die ongeoeefende oor is so hopeloos onvertroubaar dat klinkers uitgespreek word wat nóg met die van die eie taal, nóg met die van die nuwe aan te lere taal ooreenkom.

94. 'N vanselfsprekende vereiste is dus 'n geoeefende oor, wat die kleinste akoestiese verskille kan waarneem en lokaliseer. Nie alleen egter moet iemand dit kan waarneem met die oor nie, hy moet ook in staat wees om 'n getroue weergawe te gee van die

gehoorde vokale, en dit vereis dat so iemand die organiese bou daarvan verstaan, die „hoe” van die artikulasie van ’n vokaal.

95. Wanneer iemand nou ’n vreemde vokaal wil bestudeer, sou hy kan uitgaan van die klank van die moedertaal wat daarmee die meeste ooreenkoms vertoon. Deur ’n vergelyking van die onderlinge ooreenkoms en verskil in organiese stand en akoestiese eienskappe, sou hy die uitspraak van die vreemde klinker kan probeer verkry en ook aan ander leer. Die gewonne resultate kan vervolgens vir die geheue bewaar word deur gebruik te maak van sogenaamde *sleutelwoorde*. Hiermee word bedoel ’n dubbel lys van geskikte voorbeelde van woorde waarin die betrokke klinkers voorkom in die vreemde en in die moedertaal.

96. Hierdie metode sou op sigself nie so sleg wees nie, maar ons stuit daarby dadelik op ’n onoorkoomlike beswaar, nl. dit dat die uitspraak van die klinkers van die moedertaal verskillend is in verskillende dele van die spraakgebied. Daarby kom dat hierdie metode baie verg van die dosent: eerstens, moet hy presies weet waar om die vreemde klank te plaas, hy moet hom kan lokaliseer; ten tweede, moet hy deur oefening in staat wees om die geringste akoestiese afwykings op te merk en te verbeter. Om dit alles te kan doen is nodig die vereiste kennis, maar ook ’n volkome bevredigende metode. Dis duidelik dat die metode om daarby uit te gaan van die klinkers van die moedertaal ten enemale onvertoubaar en derhalwe onwetenskaplik is: dit is geen metode nie!

97. ’N ander uitweg moes dus gesoek word en hier het die instrumentele fonetiek te hulp gekom. Deur noukeurige ondersoek met die Röntgenstraal-toestel, tong-„eksplorateurs” en ander apparaat het Professor Daniel Jones van University College, Londen, ’n vokaalkaart opgestel met sekere uiterste stande, waarop kan opgeteken word die vokale van enige taal ter wêreld, in hulle relatiewe posiesies. Dit word die *kardinale vokaalkaart* genoem.¹

98. Om die kardinale vokaalkaart te verklaar is nodig, in die eerste plaas, om kortliks daarop te wys watter spraakorgane gebruik word by die voortbrenging van ’n vokaal. Volgens die definiesie van ’n vokaal, gegee in § 78, (i), kry ons eers die stembande, wat die uitgeasemde lug in golftrillinge bring. Hierdie trillinge word deur die oor waargeneem as stem. Die eintlike wese van ’n vokaal word egter bepaal deur die vorm wat die aldus voortgebragte stem aanneem in die „resonansruimte”.

99. Onder *resonansruimte* word verstaan die ruimte gevorm deur die keel-, mond- en neusholte, hetsy apart, hetsy gesamentlik. Die resonansruimte word bepaal deur die stand van die tong (wat allerlei posiesies kan aanneem), die lippe en die wange (wat enigsins gespanne kan wees of slap).

¹ Vir die gebruik van die kaart kan geraadpleeg word vir Russies Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, vir Soeloe, C. M. Doke, *Phonetics of the Zulu Language*.

100. Die stem voortgebring deur die trilling van die stembande, bring die lug in die resonansruimte eweneens in trilling,¹ met die gevolg dat nog 'n toon voortgebring word. Elke toon bestaan uit 'n hooftoon en uit 'n onbeperkte aantal bytone. Wanneer nou een klankvoortbrengende liggaam, in hierdie geval die stembande, 'n ander klankvoortbrengende liggaam, in hierdie geval die resonansruimte, in trilling bring, gebeur die volgende :

Die ooreenstemmende bytone smelt saam en versterk die hooftoon, terwyl die afwykende bytone dit wysig (natuurlik moet die hoof-tone ooreenstem om samesmelting moontlik te maak). Op die manier word die toon voortgebring deur die stembande gewysig deur die toon van die resonansruimte, wat weer afhang van die bepaalde vorm wat die resonansruimte aanneem.

101. Hoe meer die stembande gespanne is, hoe sneller die trillinge, hoe hoër die toon. So ontstaan *toonhoogte*.² Dis maklik om waar te neem dat by die klinker *ie* die stembande meer gespanne is as by die klinker *oe*, met die gevolg dat *ie* 'n baie hoër toon het as *oe*. Trouwens, wanneer die klinkers van *i* tot *u*, al langs die bene aan die vokaalkaart (vgl. tek. 5, bl. 29), agtereenvolgens uitgespreek word, is daar duidelik waar te neem 'n gestadige daling in toon³.

102. Die wysiging wat die toon, deur die stembande voortgebring, ondergaan deur die bepaalde vorm wat die resonansruimte aanneem, word genoem *kwaliteit*⁴ (vgl. § 135).

103. Elke klinker het sy eie toon, nl. sy bepaalde toonhoogte. Die toon van *ie* is bv. heel anders as die van *oe*, veel hoër. Die wesentlike verskil tussen die een klinker en die ander berus egter nie op toonhoogte nie, maar op die kwaliteit, m.a.w. nie op die mate van spanning van die stembande nie, maar op die wysiging wat die voortgebragte toon ondergaan, d.w.s. op die bepaalde vorm van die resonansruimte. Die juistheid hiervan kan maklik hierdeur bewys word : op die een of ander klinker, bv. *ie*, kan 'n melodie gesing word bestaande uit allerlei hoë en lae tone, terwyl die klinker tog altoos as sulks herkenbaar bly. Dit kom deurdadig hoewel die toonhoogte verskil, die kwaliteit, die wesentlike kern van die klinker, dieselfde bly.

104. Hoe groter die resonansruimte, hoe dieper die toon en omgekeerd : by *ie* is die tong betreklik hoog in die mond en is die resonansruimte gevolglik betreklik klein ; by *a* is die omgekeerde die geval. Daarom het *ie* 'n hoë, *a* daarenteen 'n lae toon. Hoe

¹ Net soos wanneer 'n stemvurk aangeslaan word en by 'n leë voorwerp, bv. 'n doos, gehou word, met die gevolg dat die lug in die doos meetril.

² Eng. „pitch”.


³ 'N kort voorwerp kan sterker gespan word as 'n lang een, bv. 'n kort draad as 'n lang draad. 'N vrou haar stembande is oor die algemeen korter as die van 'n man en gevolglik is die stem van 'n vrou gewoonlik hoër. Meisies en seuns se stem is aanvanklik dieselfde, totdat 'n seun se stem „breek”.

⁴ Die Franse term is „*timbre*”, wat ook die term is in Engels. Die Duitser raat van *Klangfarbe*.

kleiner die opening van die resonansruimte, hoe dieper die toon en omgekeerd : die tongstand tussen *ie* en *uu* verskil nie baie nie, die lipstand wel, aangesien by die eerste klinker die lippe neutraal, die opening dus betreklik groot is, terwyl dit by die tweede klinker gerond, die opening dus betreklik klein is. Daarom het *uu* 'n laer toon as *ie*.

105. Deur die krag van uitaseming, m.a.w. die krag waarmee die stembande in trilling gesit word, ontstaan *toonsterkte* of *intensiteit van toon*. Die toonhoogte bly dieselfde, terwyl die toonsterkte kan verskil. Die toonsterkte hang natuurlik ook saam met die grootte van die resonansruimte : by gelyke krag van uitaseming, sal 'n klinker met groter resonansruimte, bv. *a*, meer toonsterkte besit as een met kleiner resonansruimte, bv. *ie*.¹

Literatuur.—Vgl. Buck, *Acoustics for Musicians*, hoofstuk 8 ; Dumville *Science of Speech*, bl. 18-29 ; De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, §§ 72-83.



Tek. 2².—Tongstande van die kardinale vokale *i*, *e*, *ε*, *a*
(Nos. 1, 2, 3, 4).

KARDINALE VOKALE.

106. Daar die tong die grootste rol speel by die artikulasie van 'n vokaal, word vokale gewoonlik volgens die tongstand geklassifiseer. Die tong beweeg hom op en neer, vorentoe en agtertoe, kan plat, hol of bolvormig wees, gespanne of ongespanne. Waar

¹ Die verskil tussen die stem van 'n man en die van 'n vrou, as ook die verskil in toon tussen die van verskillende musiekinstrumente, bv. tussen 'n klavier en 'n orrel, berus op die verskil in toonhoogte, kwaliteit en toonsterkte, veral die eerste twee.

² Die tongstande is deur Röntgenstraal-portrette verkry en word hier oorgeneem uit Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, met vriendelike toestemming van Prof. Jones.


die tong neutraal in die mond lê, vind 'n mens 'n baie groter „verdonkering, verkleurloosig” in die kwaliteit van die vokaal as wanneer hy die verste voor of agter, of die hoogste bo, of die laagste onder gevorm word. Van die uiterste stande is die kardinale vokale verkry.¹ Kan ons van hierdie uiterste stande bakens maak, dan sal al die ander vokale binne die bakens moet val, onverskillig watter taal dit mag wees.

107. Die uiterste stande van die tong is eksperimenteel bepaal en die vokale kan as volg beskrywe word:—

Kardinale vokaal No. 1.—Hier is die hoogste gedeelte van die tong so ver voor as moontlik en so hoog as wat hy kan kom, sonder om 'n duidelik waarneembare geruis te laat ontstaan. In tek. 2 sien ons dat die middelste gedeelte van die tong regoor die harde-gehemelte te staan kom.

Opm.—Meegaande met die tongstand, kry ons 'n lipstand wat ook organiese veranderinge ondergaan, namate die tongstand verander. Die lippe kan *gerond*, *gesprei* (ook *spleetvormig* genoem) of *neutraal* wees.

By alle voorvokale is die lippe altyd in sekere mate gesprei, die meeste by hoogvoor-gevormde en minder namate die laagvoor-stand bereik word.



Tek. 3².—Tongstande van die kardinale vokale *a*, *ɔ*, *o*, *u*,
(Nos. 5, 6, 7, 8).

Kardinale vokaal No. 4.—By hierdie klinker is die hoogste gedeelte van die tong so ver na voor en so laag in die mond as moontlik. Die hoogste gedeelte kom hier ooreen met die skeiding tussen die harde- en die sagtegehemelte, en die lippe is meer oop as by No. 1. Die tong self is ook minder gespanne.


¹ Daar is 8 kardinale klinkers.

² Oorgeneem uit Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, met vriendelike toestemming van Prof. Jones.

Kardinale vokaal No. 5.—By hierdie vokaal is die hoogste gedeelte van die tong sover na agter en so laag in die mond teruggetrek as moontlik. Die lippe is effens gerond.

Kardinale vokaal No. 8.—Hier is die hoogste gedeelte van die tong so ver moontlik agtertoe en so hoog moontlik, sonder om 'n duidelik waarneembare geruis te laat ontstaan. Die lippe is taamlik gerond.² Die kardinale vokale Nos. 2 en 3 word so geneem dat hulle 'n gelyke akoestiese reeks vorm; so ook met die vokale 6 en 7 (vgl. tek. 5, bl. 29).

108. Die skryftekens vir die kardinale vokale van 1 tot 8 is in die skrif van die „Internasionale Fonetiese Vereniging” die volgende: *i, e, ε, a, ɑ, ɔ, o, u.*



C. M. Doke.]

Tek. 4.—Wat tongstande vir kardinale vokale Nos. 1, 4, 5 en 8 aanwys, waarvan die vorm van die kardinale vokaalkaart verkry is. ($\frac{2}{3}$ natuurlike grootte).

109. As ons newensgaande afbeelding nagaan, sien ons dat die tong by die uiterste stande van *i, a, ɑ* en *u* respektieflik die hoogste voor-, laagste voor-, laagste agter- en hoogste agterstand, met meegaande lipstand, inneem. Word die afstand tussen die stande in die mond gemeet, dan vind 'n mens dat dit maar 'n baie klein ruimtetjie beslaan.

Die vier genoemde stande, soos in die afbeelding kan gesien word, vorm 'n figuur wat vierhoekig is. Die buitelyne vorm die grense van die „kardinale vokaalkaart”. Vergroot 'n mens die figuur

² Vir 'n fotografiese voorstelling van die lipstand by die kardinale vokale vergelyk Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, bl. 30-33,


en verdeel die reguitlyn tussen **i** en **a** in drie gelyke dele, dan word die posiesies van die **e** en **ɛ** in die **i-a**-reeks verkry. Op dieselfde manier word die stande van die **ɑ-ɔ-o-u**-reeks verkry.

110. Gaan 'n mens oor van die voor- na die agtervokale, sal 'n mens in die mond deur 'n streek moet gaan waar die tong neutraal is; dit word ook op die kaart aangeduie.

111. Dus sal al die vokale wat op die kardinale lyne val, uiterste stande wees en almal wat binne die kardinale lyne val, minder gespanne wees, wat in fonetiese taal *gemeng* heet.

112. Word 'n vokaal dus op die kaart aangegee, dan kan al dadelik vasgestel word waar dit in die mond gevorm word¹. Die nut van die kaart is dus tweevoudig: eerstens, om vokale van die een of ander taal te kan opteken; en ten tweede, om van die kaart die uitspraak op te maak van die vokale van die een of ander taal.

Die fonetikus of dosent moet egter seker wees van sy kardinale vokale. Wie dit nie van 'n leermeester kan leer nie, moet dit leer van die grammofoon-opname,² soos deur Prof. Daniel Jones, die vader van die stelsel wat ons volg, uitgespreek.



Tek. 5.—Kardinale Vokaalkaart.
Die swart kolletjies stel voor kardinale vokale.³

INDELING VAN VOKALE.

113. Volgens die definiesie van 'n vokaal gegee in § 80, as 'n stemhebbende spraakklank, waarby die uitstromende asem 'n ononderbroke gang het deur mond of neus, of deur beide mond en neus, sonder om 'n duidelik hoorbare wrywing te laat ontstaan, kan vokale verdeel word in drie hoofklasse:—

(i) *Mondvokale* of *orale vokale*.—Hier het die lug 'n onbelemmerde gang deur die mondholte alleen en sluit die sagtegehemelte die weg na die neusholte af.

¹(a) Natuurlik word die lipstand nie op die kaart aangegee nie. Voorvokale het gespreide lippe en agtervokale geronde lippe. By die gemengde vokale is die lipspreiding of -ronding alweer heeltemal verminder.

(b) Ook die mate van gespannenheid word nie aangegee nie. Hoë vokale is meer gespanne as lae vokale, en vokale op die kardinale lyn as gemengde vokale.

³Plaat No. B 804, Gramophone Company, 363, Oxford Street, London, W. Dit is hier in die land te kry by die agente van Mackay Bros.

(ii) *Nasaalvokale of neusvokale*.—Die lugstroom gaan hier deur die neus alleen en is die weg na die mond heeltemal afgesluit. Volgens die definisie bo, val nasale soos **n**, **m**, **ŋ** dus onder vokale wanneer die klanke vokaalwerk verrig, nl., wanneer hulle die golf-top van 'n lettergreep vorm. Sodanige konsonant heet dan *sillabies*. Wanneer dus **m**, **n**, **ŋ**, ens., sillabies voorkom, is hulle neusvokale, soos in Engels **beikij** *bacon* en Duits **ha:b:m** *haben*¹.

(iii) *Nasaal-orale vokale of kortweg genasaleerde vokale*.—Wanneer die sagtegehemelte slap afhang en die lug vry kan deurstroom deur beide neus en mond, word gevorm wat ons nasaal-orale vokale noem, of wat gewoonlik genasaleerde vokale genoem word (vgl. verder § 324 volg.).

114. Daar mondvokale ingedeel word volgens die stand van die tong, kan ons verskillende onderverdelinge maak. Die beweginge van die tong is in hoofsaak tweërlei: min of meer vertikaal en min of meer horisontaal.

(a) Volgens die vertikale hoogte van die tong. Hier kan ons twee hoofklasse onderskei: *hoë vokale* en *lae vokale*, met die tussenstande *middelhoog* en *middellaag*. By hoë vokale is die tong so na as moontlik genader aan die gehemelte (sonder om 'n duidelik waarneembare geruis te doen ontstaan): die hardegehemelte by voorvokale en die sagtegehemelte by agtervokale. By lae vokale daarenteë is die tong weer so laag as moontlik op die bodem van die mond en dit kos 'n sekere spanning om die tong daar te hou. Van die kardinale vokale sal ons dus **i** en **u** „hoog” noem, **a** en **ɑ** „laag,” **o** en **e** „middelhoog” en **ɛ** en **ɔ** „middellaag”.

(b) Volgens die horisontale beweginge van die tong kan ons die volgende onderverdelinge maak:—

(i) *Voorvokale*, waar die hoogste gedeelte van die tong teenoor die hardegehemelte te staan kom. Hier gaan die voor van die tong in seker mate in die hoogte en word die meeste spanning in daardie gedeelte gevoel.

(ii) *Neutrale of tussenvokale*, waar die tong ongespanne lê in die mond en die hoogste gedeelte regoor die skeiding tussen die harde- en die sagtegehemelte te staan kom.

(iii) *Agtervokale*.—Hier vind ons die hoogste gedeelte van die tong teenoor die sagtegehemelte. Hier gaan die agter van die tong in seker mate in die hoogte en word die meeste spanning in daardie gedeelte gevoel.

115. Ten opsigte van die respektiewe ruimtes tussen die hoogste gedeelte van die tong en die monddak onderskei ons weer *geslote*, *halfgeslote*, *halfoop* en *oop vokale*. By geslote vokale, wat dan ook

¹ Waar nodig, kan die sillabiese karakter van 'n konsonant aangeduide word deur 'n loodregte strepie onder of (wanneer die beentjie lank is) bo die simbool in kwessie: b.v. **ŋ**, **ɲ**. Op die manier kan die drielettergrepige Eng. **pa:snɪɔ̯** *parsonage* onderskei word van die tweelettergrepige **pa:snɪp** *parsnip*.

saamval met die „hoë vokale”, is die artikulasieorgane nie ver van mekaar verwyder nie, wat, betreklikerwyse gesproke, wêl die geval is by oop vokale.

116. 'N ander indeling word verkry as 'n mens die lipstand van die vokale neem. Die lippe kan 'n *ronde*, 'n *spleetvormige* of 'n *neutrale* stand inneem. Geronde lippe word gewoonlik aangetref by agtervokale en spleetvormige lippe by voorvokale. Tussen-vokale het neutrale lipstand.

Dit heet die *normale stand* van die organe. Waar dit die geval nie is nie en 'n voorvokaal uitgespreek word met geronde lippe, of 'n agtervokaal met gespreide lippe, ontstaan wat genoem word *abnormale* vokale.

117. By voorvokale word gepraat van *voorroning*, by agtervokale van *agterroning*. *Roning* bestaan uit ronding en vooruitsteking¹ van die lippe. By agterroning is daar bowendien sydelingse spanning van die wangspiere. Liproning neem af van die geslote na die oop stand toe en omgekeerd. 'N minder mate van liproning as wat as norm beskou word, heet *onderroning*; die teenoorgestelde heet *oorroning*.

118. Die volgende is die mees algemene „abnormale vokale”:—

lipstand van **u** en tongstand van **i** gee **y**,

lipstand van **o** en tongstand van **e** gee **ø**,

lipstand van **ɔ** en tongstand van **ɛ** gee **œ**.

119. Vokale sover as moontlik van die neutrale stand verwyder heet *kardinaal*². Val 'n vokaal binne die kardinale lyne, dan heet dit *gemeng*. Kardinale vokale het 'n *gespanne* organestand en gemengde vokale 'n *ondergespanne* of *ongespanne* stand. Die gespannenheid geld die tong, lippe, wange en sagtegehemelte (veral die eerste), maar natuurlik nie noodwendig in dieselfde mate nie. Die graad van gespannenheid kan verskillend wees by verskillende klinkers en in verskillende tale. 'N minder mate van gespannenheid as wat as norm beskou word, heet *ondergespanne*. Sekondêr-kardinale klinkers is *ondergespanne*.

120. Daar die lug by klinkers 'n ononderbroke gang deur die spreekkanaal het, kan vokale lank of kort aangehou word, m.a.w. lank of kort wees. So ontstaan wat genoem word die kwantitatiewe verskil. Waar kwantiteit nie daarby betrokke is nie, word gepraat van kwalitatiewe verskil.

121. By die beskrywing en optekening van vokale duie die bestaande kardinale fonetiese tekens soms nie die juiste stand van die organe aan nie, en regverdig die vokaal ook nie die gebruik van 'n nuwe teken nie. In sulke gevalle is dit nuttig om die volgende „diakrietiese tekens” te gebruik:—

¹ In Afrikaans is daar geen vooruitsteking van die lippe nie.

² „Kardinale vokale” kan verdeel word in (a) *primêr-kardinaal*, wanneer hulle op die grenslyne val, en (b) *sekondêr-kardinaal*, wanneer hulle effe binne die lyne val. Die Afrikaanse kardinale klinkers is „sekondêr-kardinaal”.

- + duie aan dat die tong bietjie meer vorentoe is as die kardinale stand;
 - duie aan dat die tong bietjie meer agter toe is as die kardinale stand;
 - ⊥ duie aan dat die tong bietjie hoër is as die kardinale stand ;
 - ⊥ duie aan dat die tong bietjie laer is as die kardinale stand.
- Hierdie tekens word linksbo die simbool in kwessie geplaas. Die Afrikaanse **a** in vergelyking met kardinale **a** sal ons dus so kan skrywe : **a⁺⁻**.

VERGELYKING TUSSEN DIE AFRIKAANSE EN DIE KARDINALE VOKALE.

122. Die Afrikaanse **i** is heelwat laer en taamlik dieperin as die kardinale **i**, m.a.w., aanmerklik ondergespanne, sowel vertikaal as horisontaal. Afrikaans-sprekendes behoort dit dus nie moeilik te vind om die kardinale klank suiwer uit te spreek nie as hulle net die artikulasie meer gespanne maak. Die naaste vokaal in Afrikaans aan kardinale **i** is die **i** in bv. *sien* **sin**, wat ons suiwerder **i_n** kan skrywe.

123. Vir kardinale **e** bestaan daar wel 'n ooreenkomstige klinker in Afrikaans, maar die is soveel hoër dat dit byna onder die **i**-foneem val: bv. in *peer* en *nee*. Die kardinale vokaal is heelwat laer en die Afrikaanse ekwiwalent is ondergespanne.

124. Die Afrikaanse vokaal in woordjies soos *sê* en *perd* gee taamlik suiwer die kardinale **ε** weer, hoewel dit alleen die geval is waar die Afrikaanse vokaal lank is. Die laasgenoemde word ook so'n ietsie hoër in die mond gevorm.

125. Van kardinale **a** het Afrikaans nie 'n baie goeie verteenwoordiger nie, bv. in woorde soos *kat* of *skat*, daar die plek van vorming heelwat meer na agter en ook taamlik bo die kardinale lyn is. Die klinker is dus ondergespanne, horisontaal en vertikaal, veral die eerste.

126. Nader aan die kardinale vokaal is weer die **a** van bv. *pa* of *maak*, hoewel die uitspraak 'n bietjie meer na vore is en ook 'n ietsie bo die **a-a**-lyn.

127. Studente van fonetiek moet oppas om nie die vokaal in woorde soos *bok* of *nog* te verwar met die in woorde soos *môre* of *pônt* „munstuk” nie, daar die eerste ver van die uitspraak van kardinale **o** is en die tweede taamlik daarmee ooreenstem.

128. Met die vokaal van woorde soos *boom* en *groot* het ons weer dieselfde moeilikheid as wat ons by die bespreking van die Afrikaanse **i** en **e** gehad het, naamlik dat die Afrikaanse klinker wat ooreenkom met kardinale **o** sover daarvan verwyder is dat dit byna onder die **u**-foneem val.

129. Daarenteë is die u-klank in Afrikaans weer baie laer as kardinale u en ook taamlik meer vorentoe, m.a.w., aanmerklik ondergespanne, sowel vertikaal as horisontaal.

130. Vir die abnormale vokale y en ø geld dieselfde as wat van i en e opgemerk is, omdat y en ø in Afrikaans die geronde variante is van i en e. Daar is egter geen vokaal in Afrikaans wat ooreenkom met kardinale œ nie; Afrikaans œ lê naby die œ-ɔ-lyn, maar is byna neutraal.

131. By die beskrywing van die Afrikaanse vokale word daar veral gelet op die volgende punte:—

(i) *Die hoogte van die tong.*¹—Hiermee word bedoel die relatiewe hoogte in die mond, nl. of die vokaal hoog of laag is, met die tussengrade van middelhoog en middellaag (vgl. § 114 (a)).

(ii) *Die gedeelte van die tong wat die hoogste is.*—Dit is hier waar die klank eintlik in die mond gevorm word: voor, agter of in die neutrale gebied (vgl. § 114 (b)).

(iii) *Die stand van die lippe.*—Ag moet hier geslaan word op die verskillende moontlikhede: of daar by die artikulasie van die vokale geronde (met of sonder vooruitsteking), dan wel gespreide lippe is en, in die laaste geval, of die lippe 'n neutrale stand aanneem of nie (vgl. §§ 116 en 117).

Uit die vooraf bepaalde gegewens kan die vokaal dan gedefinieer word en daarna kan allerlei afwykinge, ens., volg.

MINDER GEWONE VOKALE.

132. Vokale, omdat hulle die sonoorste *fone*² is, vorm gewoonlik die kern van 'n lettergreep. 'N foon wat die kern van 'n lettergreep vorm, doen dus *vokaalwerk*. Fone soos m, n en l, wat die tussenfone tussen vokale en konsonante is en deels wêl, deels niê onder ons definisie van 'n vokaal val nie, kan dus in sekere gevalle sillabies voorkom en doen dan vokaalwerk.

In sulke gevalle kan hulle „halfkonsonante” genoem word. 'N *halfkonsonant* is 'n konsonant wat vokaalwerk doen.³ In Soeloe veral is die sillabiese nasaal 'n baie verbreide verskynsel⁴.

Die Hollandse Afrikaner, egter, met sy slap artikulasie, gebruik fone soos hierdie nooit, of byna nooit, sillabies nie, maar voeg 'n ə in voor die konsonante en kom die klanke dus nie as halfkonsonante voor nie: bv. *svɛrəm swerm*, *sækəl sukkel*, *bɔkəm bokkem*, ens. Die Engels-sprekende Afrikaner moet oppas dat hy nie hierdie

¹ By die bespreking van die hoogte van die tong doen ons nie dieselfde as Trovimo-Jones nie (*Pronunciation of Russian*, § 191 volg.). Hulle bespreek feitlik nie die relatiewe hoogte nie, maar die resultaat daarvan. Ons bespreek die vokale volgens relatiewe hoogte in die mond.

² Met „foon” word bedoel dieselfde as „klank”. „Foon” loop parallel met *foneem* en *fonetiek*, soos *toon* parallel loop met *toneem* en *tonetiek*.

³ So sou 'n halfvokaal kan gedefinieer word as 'n klinker wat konsonant-werk doen.

⁴ Vgl. C. M. Doke, *Phonetics of the Zulu Language*, Hoofstuk VI.

Afrikaanse klanke sillabies maak nie, net soos ons vir die teendeel moet oppas, bv. Engels *button* uitspreek **batn**, nie **batən** nie.

133. Die *keelkleppie-vokaal* („epiglottal vowel”) val nie onder normale spraakklanke nie, daar dit net in uitroepe gebruik word, soos **sa::**, **sa::**, **sa::** aan honde toegeroep, of as jy vir iemand skree wat ver van jou is: bv. **ko::s**, **kəm hi::r** *Koos, kom hier!* Dit het 'n onaangename skraapgeluid, veroorsaak deur die trilling van die keelkleppie.

134. Die retroflekse vokale, wat voortgebring word deur die tongpunt om te krul na die gehemelte toe, en die laterale vokale — wat met die tongstand vir **l** en die lip- en ander organestand vir die verskillende vokale geartikuleer word, tref ons nie in Afrikaans aan nie. Die eerste kom in dialektiese Engels voor, die laaste in Bantoe.

KWALITEIT EN KLANKRYKHEID VAN VOKALE.

135. Die *kwaliteit* van vokale hang af van die relatiewe stand van die tong, die gehemelte en die lippe (vgl. § 102). In die grafiese voorstelling op die kimograaf is daar verskil tussen vokale wat betref die bou van die spoortjies. Daar is 'n organiese verskil tussen **ε**: en **ε**, **y** en **Y**, **i** en **I**. Kardinale vokale het 'n helder-uitstaande kwaliteit, terwyl ondergespanne of gemengde vokale 'n „verdonkerde” kwaliteit besit. Soos reeds tevore aangetoon, is dit die neiging in Afrikaans om al die kardinale vokale 'n minder gespanne artikulasie te gee. Daarom bestaan daar so'n groot aantal diftonge, gemengde en genasaleerde vokale in Afrikaans.

136. Verder, ronding en ontronding van respektieflik ongeronde en geronde vokale verander die kwaliteit daarvan, terwyl nasalerings aan party vokale 'n ander tongstand gee, o.a. in Frans. Afrikaans het veral voorgemengde vokale.

137. *Klankrykheid* (*sonoriteit*) is die graad van hoorbaarheid, die draagkrag, die volume van 'n vokaal. Vokale onderskei hulle van konsonante deur groter klankrykheid. Daarom is dit so moeilik om klanke soos **m**, **n**, **ŋ** en **l** te plaas, want hulle val tussen vokale en konsonante.

138. Relatiewe klankrykheid hang af van die kwaliteit van die vokale en, volgens Daniel Jones, ook van die krag van die asemstoot waarmee die vokaal voortgebring word. Wat vokale betref, is die oop vokale klankryker as die middelvokale en die laaste weer meer as die geslote vokale. Relatiewe klankrykheid kan baie goed waargeneem word as die vokale deur die diektafoon uitgespreek word: **i** en **u** is die minste v. rdraend.

TWEEKLANKE.

139. Die bespreking van tweeklanke hoort eintlik nie tuis onder 'n bespreking en indeling van enkel-vokale nie, maar moet onder „kombinasie-leer” val, daar dit 'n verbinding van vokale geld.

140. As 'n mens die bou van die diftong nagaan, vind jy dat een vokaal geleidelik oorgaan tot 'n ander en so een lettergreep vorm. Dit vorm een foon vir die oor en die benaminge „tweeklank” of „diftong” is misleidend. Dit toon ons alleen die wesentlike bou van die diftong aan.

Volgens Daniel Jones¹ kan 'n mens 'n *diftong* definieer as 'n eenlettergrepige glyklank, waarin die spraakorgane in een vokaalstand begint en onmiddellik, met die kortste pad, tot die stand van 'n ander vokaal oorgaan wat gelyk is in sonoriteit of minder sonoor, sonder dat een van die twee vokale vir noemenswaardige tyd aangehou word.² Vergelyk oor „lettergreep” § 854.

141. Soms is dit moeilik om te bepaal of 'n klankuitleg 'n tweeklank is of twee onafhanklike vokale. 'N hulpmiddeltjie om uit te vind of 'n mens werklik met 'n tweeklank te doen het of nie, is om die klankuitleg op verskillende toonhoogtes te sing. 'N mens kan gewoonlik nie die afsonderlike elemente van die diftong op verskillende note sing nie.

142. In gevalle soos *la:ər laer*, *o:ə oë* en *fli:ə vlieë* is *a:ə*, *o:ə* en *i:ə* nie tweeklanke nie, maar moet dit beskou word as twee afsonderlike vokale en is daar ook 'n waarneembare daling in klankrykheid op die end van die eerste vokaal en 'n styging by die begin van die tweede.

143. By die binnelandse uitspraak van die vokale *e*:, *ø*: en *o*: as *ie:*, *yə:* en *uə:* het ons met tweeklanke te doen, wat hoër begin as gewone *e*:, *ø*: en *o*:; deurdadig die organe hulle blykbaar klaarmaak vir die uitspraak van die diftonge en dus die tong as vanself hoër gaan. In die genoemde gevalle is daar geen daling in klankrykheid tussen die twee klankelemente nie.

144. Volgens Jones se definisie kan dus die tweede deel van die diftong nie meer sonoor wees as die eerste nie. In so'n geval verander die vokaal gewoonlik in 'n half vokaal: bv. *ia* word *ja* en *ua* word *wa*.

145. Tweeklanke kan geklassifiseer word:—

(i) Volgens *bou*, d.w.s. met die oog op die vokale wat die diftong vorm. Bestaan dit uit twee normale vokale, dan heet die diftong *normaal*, en omgekeerd weer *abnormaal* as twee abnormale vokale die diftong vorm. Nooit kan 'n normale en 'n abnormale vokaal saam 'n diftong vorm nie. Die algemeenste diftonge is die van 'n oop na 'n geslote vokaal toe.

Opm. Gelet op die bou, is 'n diftong *wyd* as die plek van vorming van die beginvokaal ver van die van die entvokaal verwyder is, en *nou* as die omgekeerde die geval is.

¹ Trovimofo-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 315.

² Donders (*Spraakklanken*, 1870, § 19) druk omtrent dieselfde gedagte uit waar hy sê: „Tweeklanke ontstaan deur geleidelijken overgang van den eenen klinker in den anderen. Behooren de beide klinkers tot dezelfde reeks, dan zijn de tussenklinkers in de overgang onhoorbaar en de aansluiting is onder interruptie.”

(ii) *Volgens rigting*.—Rigting duie aan 'n begin en 'n mikpunt, of omgekeerd, 'n doel wat bereik is en 'n begin wat onseker is. Volgens rigting dus kan ons diftonge in drie groepe verdeel:—

(a) *Stygende diftonge*.—Hier is die tweede vokaal waaruit die diftong bestaan meer prominent¹ as die eerste en die begin is onseker. Stygende diftonge kan alleen bestaan uit klinkers wat sotesê ewe sonoor is en is baie seldsaam, omdat hulle gewoonlik tot halfvokaal plus vokaal oorgaan: bv. Soeloe *o:həhəe:ni* „in die groot struis”, *umfə:na* „klein boetie”, waar *əe:* en *əa:* stygende diftonge is.¹

(b) *Gelykmatige diftonge*, waar albei vokale ewe prominent is en begin en end van die diftong seker is. So'n geval het ons in die gewestelike uitspraak van Eng. *here* as *hiə*, en ook in die Soeloe diftong *ii* in woorde soos *iziixwəza:nə* en *iziija:lu*.

(c) *Dalende diftonge*.—Dalende diftonge het 'n duidelike definitiewe begin, maar eindig onseker. Daar is natuurlik ook 'n daling in toon, wat duidelik aan die kimograaf-spoortjies kan waargeneem word, deurdar dit 'n verandering aanwys in die aantal trillinge per gegewe tydseenheid. Dalende diftonge is die algemeenste in die menslike spraak, omdat dit met die wesentlike ontstaan van die diftong saamval.

146. Diftonge het ontstaan ten gevolge van 'n betreklik slap artikulasie, wat die tweede deel van die diftong as 'n basteroorgangsklank laat ontwikkel het. Dis bekend dat Germaanse volke 'n slap artikulasie het in vergelyking met Romaanse volke: daarom is die eerste groep so ryk aan diftonge, vernameklik Engels, Nederlands en Afrikaans. Frans besit geen diftonge nie; Italiaans en Spaans maar 'n paar.

147. Diftonge kan lank of kort wees en die lengtetekene word deur ons agter die hele diftong geplaas. Hier is dit die verstandhouding dat, as 'n stygende diftong lank is, dit die tweede element is wat werklik lank is, en omgekeerd dit die eerste element is wat lank is in die geval van 'n lang dalende diftong. Omdat die diftong tog wesentlik een klank is, word die lengtetekene geplaas soos bo aangeduie.

148. Diftonge word op die kardinale vokaalkaart aangeduie deur 'n pyl van die beginvokaal na die entvokaal.

Literatuur. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, hoofstukke IV en V; Jespersen, *Lehrbuch*, § 212 volg.; T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer*, hoofstuk III; Beyer, *Französische Phonetik*, §§ 17-22 en §§ 32-42; C. M. Doke, *Phonetics of the Zulu Language*, hoofstuk II; Soames, *Comparative Phonetics of English, French and German*; De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, § 112 volg.

¹ „Prominensie” moet goed onderskeie word van „kwaliteit”: die *prominensie* van klanke berus op 'n verbinding van kwaliteit, lengte, klem en oonhoogte. Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 42.

Vgl. C. M. Doke, *Phonetics of the Zulu Language*, bl. 34 en 35.

HOOFSTUK VI.

INDELING EN BESKRYWING VAN KONSONANTE.

149. By die indeling van klinkers het ons uitgegaan van kardinale klanke; hierdie beginsel is daar onmisbaar. By medeklinkers is dit anders. Medeklinkers kan gewoonlik goed en duidelik onderskeie word deur die manier en plek van vorming. Slegs by uitsondering vind ons series van medeklinkers waarby die verskil tussen twee bure so geleidelik en so gering is, dat dit nodig word om min of meer willekeurig vasgestelde kardinale klanke as basis van beskrywing aan te neem. Dit is die geval by medeklinkers wat dieselfde wyse van vorming besit en geartikuleer word deur een of ander deel van die tong teen die monddak, bv. die verskillende tiepes van **k** (kyk §§ 478 en 480). Met konsonante soos **p** en **b**, **b** en **m**, **p** en **t**, ens., is dit daarenteë anders.

150. In aansluiting by wat in die vorige paragraaf gesê is, deel ons die medeklinkers in volgens 'n tweeledige beginsel:—

(i) Na die plek van vorming.

(ii) Na die manier van vorming—(a) ten opsigte van hetsy afsluiting, hetsy vernouing van die spreekkanaal; (b) ten opsigte van die stembande.

151. Op grond van die eerste beginsel onderskeie ons vir Afrikaans sewe hoofstande, nl. die *lippe*, *liptande*, *tandwortels*, *hardegehemelte*, *sagtegehemelte*, *huig* (*uvula*) en *stembande*.¹ Hierby kom daar enige tussenstande, waarvan die aantal verskillend is in verskillende tale. Ons vind dit doelmatiger om die tussenstande by die betrokke klanke te behandel.

152. Die hoofgroepe van medeklinkers wat in gemelde sewe hoofstande gevorm word heet respektieflik *bilabiale*, *labiodentale*, *alveolare*, *palatale*, *velare*, *uvulare* en *gutturale*.

Hierdie benaminge word as volg omskrywe:—

(1) *Bilabiale*: gevorm met die twee lippe.

(2) *Labiodentale*: gevorm met die onderlip teen die botande.

(3) *Alveolare*: gevorm met die punt of die blad van die tong, of met albei (in Afrikaans met albei) teen die tandwortels.

(4) *Palatale*: gevorm met die voor van die tong teen die hardegehemelte.

¹ Hiermee is die aantal moontlike hoofstande nie uitgeput nie. Daar is bv. nog die *tande* (d.i. die gebied teen die botande of ook wel tussen die bo- en ondertande), waar die *dentale* (o.a. Ndl. *t*, Eng. *th*, sowel stemloos as stemhebbend) en *inderdentale* (bv. Eng. *th* by die sprekers by wie dit nie dentaal is nie) gevorm word. Die huiggebied geld net vir die minderheid onder die Afrikaners.

(5) *Velare*: gevorm met die agter van die tong teen die voor en middel van die sagtegehemelte.

(6) *Uwulare*: gevorm met die agter van die tong teen die huig (hierdie groep vind ons alleen by die sprekers wat „brei”).

(7) *Gutturale*¹: gevorm tussen die stembande.

Opm. Na die saak deeglik te oorweeg het, het ons besluit om die vreemde terme, soos hierbo genoem, te gebruik; om verskillende redes. Eerstens is die Hollandse terme dikwels baie log, bv. „hardegehemeltemedeklinker” i.p.v. „palatale medeklinker.” Dan is dit nie dwarsdeur moontlik om geskikte Hollandse terme te vind nie. Wat sal ons bv. sê vir „bilabiaal”? En waar daar ook al Hollandse terme bestaan, vind jy jou soms geplaas voor verskillende moontlikhede, terwyl aanname van die een vreemde term meiens eenheid bring: so word o.a. vir „alweolaar” gebruik die term „soom-medeklinker” deur sommige, „bladsoommedeklinker” deur ander.

Eindelik is die vreemde term nie alleen baie korter nie, maar veral internasionaal, d.w.s. algemeen, sodat wanneer die leser ’n boek oor fonetiek opneem wat in ’n vreemde taal geskrywe is, hy geen onnodige moeite hoef te hê met die terminologie nie. Dit is ’n groot voordeel, want wie fonetiek bestudeer is verplig om dikwels boeke te raadpleeg wat opgestel is in Engels, Duits en Frans, en veral in die eerste en die laaste taal word die vreemde terme gebruik.

153. Op grond van die tweede beginsel word, ten opsigte van die afsluiting of vernouing van die spreekkanaal, die volgende ag groepe erken, *eksplosief*, *affrikaat*, *frikatief*, *triller*, *drukklank*, *syklank* (*lateraal*), *nasaal* en *halfvokaal*.

Hierdie terme word as volg omskrywe:—

(1) *Eksplosief*: gevorm deur vir ’n noemenswaardige oomblik die asemstroom êrens in die spreekkanaal volkome af te sluit; wanneer die sluiting verbreek word, ontsnap die onderdrukte asem in die vorm van ’n ligte ontploffing (eksplosie). Let daarop dat die afsluiting op verskillende plekke in die spreekkanaal kan plaasvind en daarby die lippe nie noodwendig hoef afgesluit te wees nie.

(2) *Affrikaat*: gevorm soos die eksplosiewe, maar die sluiting word so langsaam verbreek dat daarby die ooreenstemmende frikatief gehoor word.

(3) *Frikatief*: gevorm deur die spreekkanaal op die een of ander plek te vernou en sodoende die uitgaande asem sodanig teë te hou, dat daar ’n duidelik waarneembare geruis (vrywing, friksie) ontstaan.

(4) *Triller*: gevorm deur ’n snel opeenvolging van tikkies deur die een of ander veerkrachtige orgaan.

(5) *Drukklank*²: gevorm deur een enkel tikkie (drukke) van een of ander veerkrachtige orgaan; die aanraking word nie vir ’n noemenswaardige oomblik aangehou nie. Die klank kom in Afrikaans net voor by persone wat „brei”.

¹ Die term „gutturaal” word weleens gebruik (in taalkundige werke meermale) vir wat ons noem „velaar”. Hierdie gebruik is sterk af te keur.

² Ons gebruik hierdie term vir wat Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 166, noem „flapped consonant.”

(6) *Syklank*¹: gevorm deur 'n afsluiting in die middel van die lugkanaal, maar met minstens een kant oop.

(7) *Nasaal*: gevorm met 'n vokome afsluiting van die mondkanaal op die een of ander plek, maar met die neuskanaal oop, waardeur die asem stroom.

(8) *Halfvokaal*: 'n stemhebbende oorgangsklank (vgl. § 335), waarby die spraakorgane begin in die stand van 'n klinker van betreklik geringe klankrykheid, om onmiddellik daarop oor te gaan tot die stand van 'n ewe klankryke of klankryker klinker. Met hierdie kort omskrywing van hierdie veral vir die beginner moeilike klankverskynsel kan ons voorlopig volstaan.

'N vollediger beskrywing word gegee ter plaatse (kyk § 783 volg.)²

Opm. 1. In verband met die terminologie in die vorige paragraaf gebruik, moet hier 'n paar woorde gesê word. Vir „eksplosief” is daar twee gewone Hollandse terme, nl. *klapper* en *afsluitingsklank*. Die eerste is eenvoudig die Duitse woord „*Klapper*”, die tweede is vertaal uit Duits „*Verschlusslaut*”. „*Klapper*” en „eksplosief” sien op die akoestiese kant, „afsluitingsklank” op die organiese kant.

Opm. 2. „Afsluitingsklank” en „klapper” is twee geskikte terme, hoewel hulle nie volle bevrediging gee nie: elke eksplosief het vanselfsprekend 'n sluiting (Eng. „stop”), maar nie noodwendig 'n afsluiting nie (vgl. § 363); net so het nie elke eksplosief 'n klappende geluid nie (vgl. §§ 363-365), 'n beswaar wat trouens ook geld teen „eksplosief” self. Dit sê egter op sigself nie veel nie, want 'n term is wel nooit in alle opsigte bevredigend of, om met die Duitser te praat, „beswaarvry” nie. Hierom en met die oog op wat opgemerk is in die opm. by § 152, verkies ons die vreemde terme.

Opm. 3. Die gewone Hollandse term vir „frikatief” is *glijder*. Hierdie term is sterk af te keur, om die eenvoudige rede dat hier nie die minste sprake is van „gly” nie, wel van „vrywe” of „skuur”. Die terme *wrijfklank* en *schuurklank* word dan ook wel gebruik in Hollandse werke.

154. Op grond van die tweede beginsel kan medeklinkers ook wees stemloos of stemhebbend, alnmate die stembande tril of nie. In die werklikheid staan die saak so: van sommige medeklinkers bestaan altwee lede in 'n taal, van ander net die een, in die een taal die stemlose, in die ander die stemhebbende. Dis 'n nuttige oefening om te leer om die ontbrekende lid uit te spreek.

WAAROP GELET WORD BY DIE BESKRYWING VAN 'N KONSONANT.

155. Met die oog op wat in die vorige paragrafe opgemerk is, let ons, by die beskrywing van 'n medeklinker, op die volgende punte: (i) die *plek* (of *plekke*) van artikulasie, (ii) die *stand* van die mondkanaal by die plek (of plekke) van artikulasie, (iii) die *stand*

¹ Die internasionale term is „lateraal”. Ons verkies *syklank*, omdat: (1) hierdie groep net uit een verteenwoordiger bestaan, (2) die term homself verklaar, (3) hy selfs korter is as die vreemde term.

² By hierdie kort omskrywing, waarby die een dikwels nie kan vermy om vrywel dieselfde bewoordinge as die ander te gebruik nie, het ons baie te danke aan Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 166. Dit is egter veral die geval by die omskrywing van die *halfvokaal*, waar ons 'n vry weergawe gee van die uitstekende en saaklike definisie van genoemde twee fonetisies.

van die *sagtegehemelte* (gehemelteklep), (iv) die *stand van die stembande*.¹

Daar's alles voor te sê om klanke te beskrywe volgens 'n vaste plan soos hierdie. Eerstens is daar die voortdurende herhaling, waarvan die waarde aan die dosent maar alte goed bekend is. Dan het so'n vaste plan hierdie groot voordeel dat dit in staat stel om eensdeels die essensiële te vermeld, anderdeels te vrywaar teen die vermelding van wat onessensieel is. Beginners sondig veral in die laaste opsig. In afwyking van klinkers (vgl. § 149), is dit oor die algemeen moontlik om die uitspraak van medeklinkers uit 'n blote beskrywing te leer. In so'n geval egter moet die beskrywing goed en saaklik wees.

156. Uit die bewoording van die definisie van 'n eksplosief, soos gegee in § 153 (1), volg dat sowel die neus- as die mondkanaal moet afgesluit wees.

157. Klanke wat gevorm word met die mondkanaal oop maar die neuskanaal toe heet *oraal*; wanneer altwee kanale oop is, word hulle genoem *genasaleerd*. Tot hierdie laaste behoort die *genasaleerde vokale*.

158. Die groepe triller, syklank en nasaal word dikwels saamgevat onder die term *likwiede*. Hoewel daar op sigself weinig vir hierdie benaming te sê is, is dit dikwels besonder gerieflik om so'n versamelnaam te kan gebruik.

HOOFSTUK VII.

BEGINSELS VAN TRANSKRIPSIE.

159. Daar bestaan meer as een fonetiese alfabet en, op sig self beskou, is hierteen geen beswaar in te bring nie, mits dit konsekwent toegepas word en sò dat daar geen verwarring of onduidelikheid kan ontstaan nie. 'N gesonde fonetiese alfabet behoort uit te gaan van die stelreël: een klank, een teken, maar met dien verstande dat dit nie nodig is om verskille aan te duie wat nie praktiese waarde het nie.

Ons volg die alfabet van die „Internasionale Fonetiese Vereniging”, wat verreweg die meeste verbreidheid besit. Die sisteem is opgestel in 1888,² maar sedert die tyd is daar wysiginge en veral aanvullinge gekom.

160. By die beskrywing van die klanke van 'n taal moet onderskeid gemaak word tussen *eintlike klanke* en sogenaamde *foneme*. 'N *eintlike klank* besit 'n bepaalde organiese stand en 'n bepaalde

¹ Ons volg hier Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 161.

² Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, bl. 12, noot.

akoestiese karakter, wat nie kan verander nie. 'N *foneem* is 'u groep klanke wat bestaan uit 'n belangrike klank van die taal, nl., die een wat die meeste voorkom, en 'n onbepaalde aantal nuanses wat in bepaalde gevalle die plek inneem van die hooftiepe. So is die *k*'s van Afr. *kies* en *kool* aparte klanke, maar dit behoort albei tot die *k*-foneem.

161. Foneeme kan die een woord onderskeie van 'n ander in dieselfde taal; hulle is m.a.w. *betekenisaanduidend*. Daarenteë onderskeie klanke van dieselfde foneem nie die een woord van 'n taal van die ander nie. So sal 'n vreemdeling wat die verskille tussen lede van dieselfde foneem nie laat uitkom nie, wel met 'n , aksent " praat, maar gewoonlik tog verstaan word.¹

162. Vir praktiese doeleindes is dit gewoonlik voldoende om net die foneeme deur aparte tekens voor te stel. So'n transkripsie word genoem *breë*. Wanneer lede van dieselfde foneem ook deur aparte tekens voorgestel word, heet die transkripsie *getrou*.

Die manier waarop dit gedoen word is deur diakrietiese tekens te voeg by die simbole vir die foneeme in kwessie (vgl. § 121). Laat ons een voorbeeld neem. Ten opsigte van die kardinale ε is die Afr. ε enigszins hoog en na die neutrale kant toe. In 'n breë transkripsie word Afr. ε voorgestel deur dieselfde simbool as die kardinale ε , in 'n getroue transkripsie daarenteë sou dit wees $\varepsilon_{\frac{1}{2}}$.

Dis duidelik dat 'n getroue transkripsie vir praktiese doeleindes te omslagtig is. In hierdie werk word dan ook 'n breë transkripsie gegee, behalwe waar die teendeel opgemerk word.

163. Die volgende vier beginsels dek al die gevalle² :—

(1) Wanneer die vernaamste lid van 'n klinkerfoneem gelyk is aan een of ander kardinale³ klinker, word daardie foneem voorgestel deur die teken vir daardie kardinale klinker.

(2) Wanneer die vernaamste lid van 'n klinkerfoneem, hoewel nie gelyk aan een of ander kardinale klinker nie, daar tog so naby staan dat die twee klanke nie woorde van mekaar sal onderskeie nie, word die bewuste klinker ook voorgestel deur die teken vir die kardinale klinker in kwessie.

(3) Waar daarenteë 'n klinker akoesties so baie verskil van die naaste kardinale klinker dat sodanige klinkers twee woorde van mekaar sou kan onderskeie, daar moet die klinker in kwessie deur 'n aparte teken voorgestel word. So'n aparte teken kan, waar nie reeds bestaande nie, gekies word na keuse.

(4) Van bogenoemde drie beginsels mag, waar geen misverstand kan ontstaan nie, om praktiese redes afgewyk word.

¹ Ons volg hier die voorstelling van Trofimov-Jones, *i.g.w.*, §§ 173-175.

² Ons volg hier die voorstelling van Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, §§ 182-183.

³ „Kardinaal” moet hier opgevat word sowel in die sin van „primêr-kardinaal” as „sekondêr-kardinaal.”

164. Waar dit nodig is om by die beskrywing van konsonante uit te gaan van kardinale klanke, daar word dergelike beginsels toegepas as by die klinkers.

HOOFTUK VIII.

DIE ARTIKULASIEBASIS VAN AFRIKAANS.

ARTIKULASIE.

165. In §§ 8-13 is aangetoon wat die doel en waarde van 'n fonetiese transkripsie is. 'N breë transkripsie, soos vir praktiese doeleindes gebruik word (vgl. § 162), is egter nie in al die gevalle voldoende om 'n juiste insig te gee in die wese van 'n klank nie. Daartoe is nodig dat die transkripsie aangevul word deurdat die betrokke persoon die klanke in kwessie goed artikuleer. Sonder om ook maar in die minste te wil afdoen aan die onskatbare waarde en die onmisbaarheid van 'n fonetiese alfabet, moet egter daarop gewys word dat dit 'n punt is van die grootste belang.

166. Onder *artikulasie* word verstaan die bepaalde stand van die spraakorgane¹ wat vereis word om 'n bepaalde klank korrek uit te spreek. In plaas van „artikulasie” word soms ook gebruik *artikulasiestand*.

167. Onder *artikulasiebasis* word verstaan die verhouding van die spraakorgane,² by die uitspraak van spraakklanke in die spraakverband, ten opsigte van die neutrale stand of die stand van rus.³ Hierdie verhouding kan in verskillende tale, selfs in verskillende vorme van dieselfde taal, baie verskillend wees. Die artikulasiebasis kan ook inbegryp word onder artikulasie en in hierdie wyer sin word die tweede term soms gebruik, bv. in § 169.

¹ Met „spraakorgane” word, met die oog op hierdie definisie, bedoel a die spraakorgane wat by die uitspraak van 'n bepaalde klank betrokke is en nie net die vernamste orgaan of organe nie. In die geval van **b** sou dit nie net slaan op die afsluiting met die lippe nie, maar ook op die stand van die stembande; in die geval van **ā** sou dit nie net slaan op die vereiste tongstand nie, maar ook op die stand van die sagtegehemelte. Gewoonlik word met artikulasie net bedoel die stand van die hooforgaan of -organe.

² Met die „verhouding van die spraakorgane” word bedoel punte soos die volgende: die mate van spierspanning by die sluiting van **b**, asook die mate van stem by daardie konsonant; die mate van vernouing wat ontstaan by die vorming van **f**; hoe laag die gehemelteklep in 'n gegewe geval sak of hoe stewig dit die neuskanaal afsluit, ens., ens.

³ Met die „neutrale stand (stand van rus)” word bedoel die stand wat die spraakorgane inneem wanneer nie gepraat word nie, in teëstelling met die toestand van absolute rus, soos wanneer die mens slaap. Vgl. Beyer, *Französische Phonetik*,⁴ §§ 9b en 53.

168. Met *artikuleer* word bedoel die artikulasie sowel as die artikulasiebasis behoorlik inagneem. Wie dit nie doen nie praat, in minder of meerder mate, met 'n „aksent” (vgl. § 18).

169. By elke klank bestaan daar 'n seker speelruimte van artikulasie, waarbinne die klank, hoewel nie die van die landsman nie, tog deur hom as sulks herken word (vgl. § 18). *Tel* is sowel 'n Nederlandse as 'n Afrikaanse woord en in albei tale word hy getranskribeer *tɛl*. Tog is die artikulasie van die eerste twee klanke aanmerklik verskillend in die twee tale, waarby o.a. dit op te merk is: *t* word in Afrikaans gevorm met die blad teen die tandwortels, in Nederlands daarenteen met die punt van die tong op die oorgang van die botande in die tandvleis¹; die *ɛ* van Afrikaans is, ten opsigte van die kardinale *ɛ*, betreklik hoog en aan die binnekant, terwyl die Nederlandse *ɛ* betreklik laag is.² Dis derhalwe nie voldoende dat die Afrikaner die transkripsie van Ndl. *tɛl*, of die Hollander die van Afr. *tɛl* sien nie; die twee moet respektiefl. vertrouwd wees met die artikulasie van die betrokke klanke en die artikulasiebasis van die taal in kwessie, m.a.w. hulle moet korrek artikuleer. Die fonetiese alfabet is op sy bes ook maar simbole wat bepaalde klanke voor die gees moet roep, nie die klankbeelde self nie.

DIE ARTIKULASIEBASIS VAN AFRIKAANS³.

170. By die behandeling van die artikulasiebasis van 'n taal moet gewaak word teen generalisasies en teen onnodige breedvoerigheid. By die hier volgende behandeling word net by die hoofpunte stilgestaan.

171. Afrikaans word gekenmerk deur slap spierspanning. Die gevolg hiervan is:—

(i) Die ondergespanne klinkers is goed verteenwoordig, terwyl die sogenaamde gespanne klinkers eintlik tussen gespanne en ongespanne in staan. Daarby is die geslote klinkers nie baie gesluit nie en die voorklinkers nie baie voor nie, nog die agterklinkers baie agter. Met ander woorde, die buiteklinkers bly *sonder uitsondering* binne die lyne wat die kardinale klinkers verbind, d.w.s. hulle mik na die neutrale gebied toe (vgl. § 110 en tek. 5).

(ii) Lang klinkers ontwikkel in tweeklanke, met *ə* as tweede element.

(iii) Eksplosiewe word minder skerp uitgespreek, wat een van die redes is waarom die verskil tussen stemlose en stemhebbende eksplosiewe minder skerp is in Afrikaans.⁴

(iv) Eksplosiewe gaan oor tot frikatiewe in bepaalde posiesies.

¹ Vgl. Roorda, *Klankleer*³, § 68.

² Ndl. *ɛ* mik sterk na *æ* toe, sodat Ndl. *met* met sterk laat dink aan Eng. *mæt* *mat*.

³ Vgl. T. H. le Roux, *Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans*, §§ 41-49.

⁴ Dis ewenwel nie die enigste oorsaak nie; ook is die mate van skerphheid verskillend. Altwee punte word ter plaatse nader behandel.

172. Die asemstroom is betreklik swak by medeklinkers, wat veral by stemlose eksplosiewe opval. Daar bestaan dan ook geen geaspireerde eksplosiewe in Afrikaans nie.

173. Waar die tong artikuleer, daar gaan hy nóg baie vorentoe, nóg baie agtertoe; waar die tongpunt betrokke is, is hy nie baie spits nie. Dit, veral die laaste, gee aanleiding tot min of meer neutrale, minder skerp klanke, wat veral opval by die klinkers (vgl. § 171 (i)).

As 'n gevolg van die omstandigheid dat die tong, as artikulasie-orgaan, nooit ver vorentoe gaan nie, bestaan in Afrikaans geen egte dentale konsonante nie, hoogstens alveolêre.

174. Die aandeel van die lippe is betreklik klein; die geronde klinkers is meestal ondergerond, terwyl daar 'n sterk verbreide neiging bestaan om te ontrond.¹ By geronde of sogenaamd geronde klinkers is daar geen vooruitsteking van die lippe nie en by die ongeronde palatale klinkers, insonderheid die *i*, is die mondhoeke feitlik nie weggetrek nie, ten gevolge waarvan die lippe eerder neutraal as spleetvormig is. Klinkers met oorronding kom nie voor nie.

175. Die oorgang van een stand na die ander is betreklik langzaam. Dit begunstig oorgangsklanke en is, saam met slap spierspanning (vgl. § 171), die oorsaak van affrikate.

176. Die nasalering van klinkers, insonderheid van die meer oop klinkers, is 'n besonder kenmerk van Afrikaans. Hierby gaan die gekemelteklep egter nie so laag as by die Franse nasaalvokale nie.²

177. In teëstelling met Frans is die Afrikaanse mondklinkers voor nasale nooit suiwer oraal nie, terwyl by suiwer mondklinkers die sagtegehemelte nooit so gespanne, d.w.s. so hoog gaan as in genoemde taal nie.

Dit, gevoeg by die omstandigheid dat die Afrikaanse klinkers sonder uitsondering binne die kardinale omtrek val (vgl. § 171 (i)), maak die Afrikaanse klinkers aanmerklik minder vol, minder welluidend as die ooreenstemmende Franse.³

¹ Hierdie neiging (wat by sommige in algehele ontronding oorgaan) kom ook voor by persone met die SU. Dit moet sterk teëgewerk word (vgl. § 41).

² Vgl. Jespersen, *Phon. Grundfragen*, § 129, waaruit blyk dat die Afrikaanse nasaalvokale in hierdie opsig ooreenkom met die Amerikaanse en Duitse.

³ Wie geneig mog wees om te dink dat die Afrikaanse nasaalvokale onder Hugenote-invloed ontwikkel het, moet hom laat waarsku deur die volgende faktore: (a) die respektieflike aantal nasaalvokale in Afrikaans en Frans (Frans het maar 4: *ɛ̃*, *œ̃*, *ɑ̃* en *ɔ̃*); (b) die volheid, die welluidendheid van die Franse nasaalvokale in teëstelling met die van die Afrikaanse; (c) die respektieflike posiesies waarin nasaalvokale in die twee genoemde tale voorkom; (d) veral die omstandigheid dat nasaalvokale volstrekt nie onbekend is in Nederlands, insonderheid die Nederlandse volkstaal (vgl. De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, § 152), en in Duits (Suijduits) nie (vgl. Beyer, *Frazösische Phonetik*⁴, § 58, 1, d).

178. Die stemhebbende eksplosiewe is op sigself nie ten volle stemhebbend nie, terwyl by baie sprekers **b**, **d**, **g** selfs oorgaan tot **ɓ**, **ɗ**, **ɡ** (vgl. § 354).

179. Die stemhebbende eksplosiewe en frikatiewe word op die end voor 'n pouse, versover hulle in die posiesie voorkom, *sonder uitsondering* stemloos.¹

180. Wanneer oorgegaan word van 'n pouse, hoe kort ook, op 'n klinker, word elke klinker met hoofklem aan die begin van 'n woord of lettergreep voorafgegaan deur die gutturale eksplosif **ʔ**.

181. Alles en alles bymekaar geneem, is die artikulasiebasis van Afrikaans oorsaak dat die Afrikaanse klanke enigsins dof, minder skerp, minder helder, neutraal klink.

182. Dis opmerklik dat die artikulasiebasis van Afrikaans op elke punt deur ons genoem, feitlik ook die wat in § 176 behandel is, die teenoorgestelde is van die artikulasiebasis van Frans.²

HOOFSTUK IX.

DIE AFRIKAANSE KLINKERS EN TWEETLANKE IN BESONDERHEDE.

183. Standarduitspraak van Afrikaans erken veertien suiwer mondvokale, wat foneties as volg voorgestel word: **i(:)**, **y(:)**, **e:**, **ø:**, **ɛ:**, **ɛ**, **a**, **ɑ:**, **ɔ:**, **ɔ**, **o:**, **u(:)**, **œ(:)** en **ə**.

Hierby kom nog drie, wat egter alleen as beginpunt van 'n tweeklank gebruik word, nl. die eerste element van die diftonge **ei**, **au** en **ou**.

184. Ons sê standarduitspraak, omdat daar gewestelik nogal baie verskille voorkom, soos aangeduie sal word by die afsonderlike bespreking van elke vokaal.

¹ Hierdie eigenaardigheid, wat Afrikaans natuurlik van die moedervorm Nederlands, geërwe het, wil Jespersen op sigself verklaar deur die afwesigheid van woordpare wat verskil in betekenis, maar op die punt in kwessie na, eners klink. Sodanige woordpare is talryk in Engels, bv. **kæb cab** x **kæp cap**. In tale waar sodanige woordpare bestaan, is dit noodsaaklik, ten einde misverstand te voorkom, om die enigste verskilpunt in ag te neem. Waar sodanige woordpare nie bestaan nie, bestaan die noodsaaklikheid ook nie. (Vgl. Jespersen, *Language*, bl. 283 en *Lehrbuch*¹, § 78 volg.)

² Vgl. Beyer-Passy, *Elementarbuch des gesprochenen Französisch*², §§ 7-8 en veral Beyer, *Französische Phonetik*⁴, §§ 53-58, 'n gedeelte wat ook in die algemeen waardevolle lektuur uitmaak.